# 28 Julie 2023 - Lesing 85 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Nog net 'n kort tydjie van genade – 14/11/58

**NO: 7207** Elke dag bring julle nader aan die einde. En as julle ook hard skep en werk vir julle aardse welsyn, maak julle vir julleself net tevergeefse sorge. Want julle sal van die resultate van julle pogings nie kan geniet nie. **Alles sal weer van julle afgeneem word, wat julle glo om te kan verwerf**. En julle besit, wat julle meen om oor te neem na die geestelike ryk wanneer alles verby sal wees, sal klein wees, omdat slegs dit sal oorbly wat julle aan **geestelike goedere** besit het, wat julle siel verwerf het op aarde.

Maar al word dit ook so dikwels vir julle gesê, julle glo nie aan 'n einde wat voor die deur staan nie en julle inspanning vir die aardse goedere neem daagliks toe en maak julle ongeskik om die nodige arbeid aan julle siele te verrig. Maar as julle vooruitsienend die kort genadetyd kon oorsien, sou julle ontsteld geraak het hoe naby julle einde is. Maar die aardse lewe gaan daagliks verder. Die een dag verloop soos die ander en dit laat julle juis ook twyfel aan voorspellings van hierdie aard.

Maar van die een dag na die ander sal dit verander. **Skielik** sal julle julleself voor gebeure geplaas sien, wat 'n hele omwenteling sal bring in die lewe van elke afsonderlike mens. Julle sal almal uit jul vertroude rus verskrik word en julle sal julleself teenoor **groot gevare** geplaas sien.

Julle sal jul aardse werksaamhede en planne moet opskort, omdat julle eenvoudig nie meer daartoe in staat sal wees nie, gesien die dreigende gevare wat deur die menslike wil veroorsaak is. **Want die volkere sal teen mekaar opstaan** en daar sal maar weinig voor nodig wees dat daar 'n brand aangesteek word, wat sal dreig om alles te vernietig.

En nou sal die mense nog veel meer vergeet, waaruit hulle eintlike taak op aarde bestaan. Maar hulle sal ook nie in staat wees om verder te skep en werksaam te wees nie, dog sal hulle hulleself steeds net inspan om hulself en hul besittings te red, **dus alleen aan hulle liggaamlike lewe en welbehae dink**, maar nooit aan hulle siel nie.

En julle sal moet insien, dat julle magteloos sal staan teenoor al die gebeure wat dreig om oor julle los te breek. Julle sal 'n beroep doen op die verstand en die goeie wil van die mense, maar sonder gevolg. Van menslike kant af sal alles vreeswekkend verloop, **maar van Goddelike Kant af sal daar ingegryp word**.

Menslike planne sal daardeur tot niet gemaak word, maar die mense sal dit wat hulle angstig vrees nie gespaar bly nie. **Hulle sal alles verloor wat hul harte boei.** Hulle sal alles verloor en die Mag van God leer ken **in 'n natuurgebeurtenis van onvoorstelbare grootte.**

Want die Skrif sal in vervulling gaan. En julle mense staan voor dit, of julle dit wil glo of nie. Sorgeloos skep en werk julle, steeds net vir julle liggaamlike behoeftes, maar julle sal alles weer verloor. Maar julle dink nie aan julle siel nie, dat julle graag aan haar begeertes sou wil voldoen nie. En dan sou julle niks hoef te gevrees het nie, ook nie in hierdie komende tyd nie, want dan sorg Hy vir julle, Wie julle alreeds in julleself opgeneem het, andersins sou julle nie daarna verlang het om aan julle siel te dink nie.

Daarom word julle weer gewys op dit wat gaan kom. Steeds weer klink Sy Woorde as aanmaning en waarskuwing. **Steeds weer** word julle die dwase en nuttelose van julle aardse strewe voor oë gehou. Julle hoef maar net daarna te luister en julle lewe daarvolgens in te rig, **en rustig en sorgeloos sal julle die komende gebeure tegemoet kan sien**.

Verheug julle nie al te baie oor die skynbare rus en die opbloei in aardse sin nie. Sus nie julle gewete aan die slaap met aardse vreugdes nie. Dit is slegs sinsbedrog, wat baie vinnig sal verbygaan, want magteloos sal julle mense alles op julle sien afkom en julle sal julself nie daarteen kan verweer nie.

Maar dit is dikwels genoeg vir julle aangekondig en julle kon al lankal rekening daarmee gehou het en julself verander het. As julle dit nie doen nie, sal dit 'n vreeslike uitwerking op julle hê, **want God se plan staan onherroeplik vas.**

En sodra die tyd aangebreek het, word dit deurgevoer soos wat dit voorbestem is sedert ewigheid. Amein.